# 9 OKTOBER
# SINT JOHN HENRY NEWMAN
# KERKLEERAAR

## Fees

### Eerste Skriflesing

***’n Voorlesing uit die eerste sendbrief van Sint Paulus aan die Korinthiërs*** **2:10-16**

Maar aan ons het God dit deur die Gees geopenbaar;
want die Gees ondersoek alles, ook die dieptes van God.
Want watter mens ken die dieptes van ‘n mens, behalwe sy eie gees in hom?
Net so ken niemand die dieptes van God nie, behalwe die Gees van God.
Ons het tog nie die gees van die wêreld ontvang nie,
maar die Gees wat van God kom,
sodat ons kan weet wat God genadiglik aan ons geskenk het.
Ons praat ook oor hierdie dinge,
nie met woorde wat menslike wysheid ons leer nie,
maar met woorde wat die Gees ons leer,
terwyl ons geestelike dinge met geestelike dinge beoordeel.
Maar ‘n niegeestelike mens aanvaar nie wat van die Gees van God kom nie;
vir hom is dit immers dwaasheid, en hy kan dit nie begryp nie,
omdat dit slegs geestelik beoordeel kan word.
Die geestelike mens beoordeel egter alle dinge,
hoewel hyself deur niemand beoordeel kan word nie.
“Want wie het die gedagte van die Here geken,
om vir Hom te kan voorskryf?”
**Die woord van die Here.**

## Beurtpsalm 145:8-14 (R. 17)

**Keervers:** *Die Here is regverdig in wat Hy doen*
*en in al sy handelinge eerlik.*

Genadig en barmhartig is die Here,
lankmoedig en standvastig in sy liefde.
Die Here is vir almal vrygewig
en het meegevoel met alles wat Hy gemaak het. **R.**

Alles in u skepping prys U, Here,
en u troue dienaars dank U.
Hulle praat van die glans van u heerskappy
en maak u sterkte bekend,
dat die mense van u krag kan weet,
van die heerlike luister van u heerskappy. **R.**

U koningskap is ‘n koningskap vir alle tye
en u heerskappy sal oor geslagte duur.
Hy hou almal vas wat struikel
en lig dié wat geboë is, op. **R.**

Almal se oë word vertrouend op U gerig
en U gee hulle kos op hul tyd.
U maak u hande oop
en versadig al wat leef met u guns. **R**

Die Here is regverdig in wat Hy doen
en in al sy handelinge eerlik.
Die Here is naby almal wat Hom aanroep,
almal wat Hom in opregtheid aanroep. **R.**

## Evangelie Akklamasie (Heb 4:12)

Halleluja, halleluja!
Want die woord van God is lewend en kragtig,
en beoordeel die hart se voornemens en gedagtes.
Halleluja, halleluja!

## EVANGELIE
***’n Voorlesing uit die heilige Evangelie volgens Matteus 13:47-52***

In dié tyd het Jesus gesê:
“Verder is die koninkryk van die hemele
soos ‘n treknet wat in die see uitgewerp is
en van elke soort vis gevang het.
Toe dit vol was, het hulle dit op die strand getrek.
Hulle het toe gaan sit en die goeies in houers bymekaargemaak,
maar die slegtes uitgegooi.
So sal dit wees by die voleinding van die tyd:
Die engele sal uitgaan,
en hulle sal die bose mense tussen die regverdiges uithaal
en hulle in die vuuroond gooi.
Daar sal ‘n geween en ‘n gekners van tande wees.
Verstaan julle al hierdie dinge?”
“Ja,” het hulle geantwoord.
En Hy het vir hulle gesê:
“Daarom is elke skrifkenner
wat ‘n leerling in die koninkryk van die hemele geword het,
soos ‘n huiseienaar wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer haal.”
**Die Evangelie van die Here.**